

**Vrydag 17 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 12:27-31**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:28, 31**

**Een Gees, een kerk – baie gawes**

Weereens word dit vir ons duidelik dat dit n t God is wat al die gawes gee. Ook die verskillende gawes wat in die kerk van die Here sigbaar is, is deur die Heilige Gees geskenk. Daarom is dit ook so dat elke lidmaat in elke gemeente afsonderlike gawes binne die gemeente het – ’n wonderlike verskeidenheid, maar tog ’n eenheid.

Paulus verwys nie net na ampte (leiers) verwys nie, maar ook na die onderskeie bedieninge en dienswerk wat in die gemeente plaasvind. Agt gawes, waarvan drie – apostels, profete en leraars – “uitgesonder” word. Hoekom? Dis ’n bevestiging dat dit God is wat mense gebruik om sy diens te verrig. In die tweede plek is dit om orde in die gemeente te handhaaf. God is immers ’n God van orde.

- Om ’n apostel te wees, beteken om ’n gestuurde te wees. Ook ek en jy is gestuurdes om elke dag die evangelie van Jesus Christus te verkondig. Ons Here Jesus se eie woorde weergalm telkens in mens se agterkop: “Gaan dan en maak dissipels van al die nasies ...” Wees ’n gestuurde!
- Om ’n profeet te wees, is dalk so bietjie moeiliker. Tog kan ek en jy vertel wat ons weet! Verkondig die evangelie van Christus!
- So ook kan elkeen van ons met die evangelie van ons Here se genade die waarheid wat ons ken, gebruik om mense te leer. Verdedig die evangelie van Christus!

Mag elkeen van ons die gawes wat ons as geskenke uit die hand van God ontvang het, aanwend tot God se heerlikheid. Leef die evangelie van Christus. In liefde ...

*Sing: Skrifberyming 20-1:1, 3, 6*

*Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (Harrismith)*